Noordelike Sinode
TAAKSPAN LERAARONTGINNING 1&2
Verslag

1. Opdrag

Die opdrag van die taakspan was om die nuut ontwikkelde program vir leraarsontginning tydens soveel moontlik werkwinkels aan te bied om soveel moontlik predikante aan die program bloot te stel. Die doel is om predikante te begelei in die ontwikkeling van hulle leierskapspotensiaal en om hulle toe te rus om hulle roeping en bediening binne hul onderskeie kontekste verder te ontwikkel.

2. Taakspan

Taakspanleiers:
Paullet Grobler en Bennie Powell

Taakspanlede:
Dewald Roux, Hannes Bezuidenhout, Francois Esterhuizen, Louis Pretorius, Dawie Rotteveel, Simon van der Heever en Paul Grobler

Die taakspan het in die jaar 2024/25 tot stand gekom. Daarna is die opdrag een keer herhaal: Taakspan Leraarontginning 2 (2025/26).

3. Uitvoering van die opdrag

Na die herontwerp van die kursus het die taakspan intussen by twee geleenthede die kursus aangebied:

- **3-4 November 2025** – NG Montana
- **9-10 Maart 2026** – Pierneef Gemeente

Die huidige model van die kursus is doelbewus ontwerp om nie groot getalle kursusgangers gelyktydig te akkommodeer soos wat die geval is met meer tradisionele kursusse nie. Hierdie benadering verseker dat daar ’n sterk persoonlike komponent in die kursus is en dat daar meer in diepte aandag gegee kan word aan die unieke konteks, uitdagings en behoeftes van elke kursusganger.
Na afloop van elke aanbieding is terugvoer van beide die kursusgangers en die taakspanlede ingewin. Hierdie terugvoer is gebruik om die inhoud, aanbieding en metodiek van die kursus verder te verfyn. Die kursus het dus op ’n organiese wyse ontwikkel namate dit in verskillende kontekste aangebied is.

’n Belangrike ontwikkeling was die besluit om die **vyf metavaardighede** konkreet aan die hand van die **kremetartboom** uit te beeld. Die kremetart is ook simbolies verbind aan die logo van die Noordelike Sinode. Die beeld van die boom bied ’n eenvoudige en betekenisvolle manier om die onderlinge verband tussen die vyf metavaardighede te verduidelik:

3.1 Spiritualiteit – die wortels
Die wortels van die boom verteenwoordig **spiritualiteit**. Soos die wortels van die kremetart na water soek en die boom anker en onderhou, verteenwoordig spiritualiteit die bron waaruit die predikant leef en bedien.
Spiritualiteit anker ons te midde van storms en voorsien die nodige lewenskrag om deur droë en uitdagende seisoene te volhard.

3.2 Sensemaking – die grond
Die grond waarin die boom staan, verteenwoordig **“sensemaking”**, oftewel ons hermeneutiese onderskeidingsvermoë binne ’n bepaalde konteks.
Net soos elke kremetart in ’n spesifieke grond en omgewing groei, is elke predikant en gemeente binne ’n unieke konteks geplaas. Sensemaking help ons om hierdie konteks te verstaan en betekenis daaruit te ontgin.
Dit voorkom dat ’n visie “in die lug” ontstaan, sonder begrip van die werklikheid waarin mense leef en bedien word. Die visie word eerder vanuit ’n deeglike verstaan van die konteks ontwikkel.

3.3 Visie – die stam
Die stam van die boom verteenwoordig **visie** – die identiteitvormende en profetiese rigting waarin beweeg word.
Die stam is die mees herkenbare en draende deel van die kremetart. Op dieselfde wyse groei visie vanuit spiritualiteit (die wortels) en sensemaking (die grond). Dit gee rigting, dra gewig en bied stabiliteit, veral gedurende moeilike seisoene.
’n Duidelike visie word uiteindelik ’n herkenbare merker binne die landskap waarin die gemeente en predikant leef en werk.

3.4 Verhoudinge – die takke
Die takke van die boom verteenwoordig **verhoudinge**. Die takke strek uitwaarts, verbind verskillende dele van die boom en skep ruimte vir verdere groei en lewe.
Transformerende leierskap is nooit ’n individuele onderneming nie. Dit vind binne verhoudinge plaas. Gesonde verhoudinge skep ’n emosioneel veilige en gesonde klimaat waarin mense kan groei, verander en die nodige interne oorgange kan maak.

3.5 Implementering – die blare en vrugte
Die blare en vrugte van die boom verteenwoordig **implementering**. Blare speel ’n belangrike rol in die produksie van suurstof, terwyl vrugte saad dra en nuwe lewe moontlik maak.
Op dieselfde wyse is implementering die vermoë om visie in **konkrete doelwitte, besluite en aksies** te vertaal. Dit is uiteindelik deur implementering dat visie ’n sigbare en tasbare impak op die omliggende omgewing kry.

Verdere ontwikkeling van die kursus
Die ervaring van die taakspan is dat die kursus met elke aanbieding verder **ontwikkel** (evoleer) namate dit binne verskillende omstandighede en met verskillende kursusgangers aangebied word.
Die onderliggende navorsing en kerninhoud van die program bly dieselfde. Die klem en toepassing van die onderskeie temas kan egter wissel, aangesien elke kursusganger se konteks, ervaring en belewenis van bediening uniek is.
Hierdie benadering maak dit moontlik om die kursus relevant en toepaslik te hou sonder om die kern van die program en die navorsingsbasis daarvan prys te gee.
Een van die ontwikkelings is die suggestie dat in plaas daarvan om van visie te praat, dit in ‘n kerklike konteks eerder ROEPING moet wees.

4. Verdere beplanning

4.1. Die Taakspan is van mening dat die aanbieding van die program gedurende die komende jaar, 2027, voortgesit word en is bereid om weer die leiding te neem.
4.2. Daar taakspan is verder van mening dat:

- minstens **twee kursusse** gedurende die komende jaar, 2027, aangebied word;
- die kleiner, meer persoonlike formaat van die kursus behou word;
- terugvoer van kursusgangers en taakspanlede steeds ná elke aanbieding ingewin word;
- die program op grond van hierdie terugvoer voortdurend verfyn en verder ontwikkel word; en
- daar voortdurend aandag gegee word aan die toepaslikheid van die program binne die verskillende kontekste waarin predikante hulle bediening uitleef.

5. Slotwoord

Die taakspan is van mening dat die program vir leraarsontginning waardevolle potensiaal het om predikante te ondersteun in die ontwikkeling van hulle persoonlike spiritualiteit, leierskap, roeping en bediening.

Die aanbiedings tot dusver het bevestig dat daar groot waarde is in ’n proses wat nie slegs kennis en vaardighede oordra nie, maar wat ruimte skep vir persoonlike refleksie, kontekstuele onderskeiding en dieper gesprek oor die praktyk van bediening. Hierdie gesprekke lig die bewussyn van kursusgangers om na te dink oor die gereformeerde identiteit van die NG Kerk.

Die taakspan wil daarom graag voortgaan om die program te ontwikkel en aan te bied, met die oog daarop om predikante te help om vanuit sterk geestelike wortels, ’n dieper verstaan van hul konteks, ’n duidelike visie, gesonde verhoudinge en doelgerigte implementering, met groter vrugbaarheid in hulle bediening te leef en te lei.